KRUISKERK.co.za
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Matteus 13 : 44-53
**Tema :** Het ons ooit 'n verborge skat ontdek ? Wat gaan voort om ons te ontglip ?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"I do not accept any absolute formulas for living. No preconceived code can see ahead to everything that can happen in a man's life. As we live, we grow and our beliefs change. They must change. So I think we should live with this constant discovery. We should be open to this adventure in heightened awareness of living. We should stake our whole existence on our willingness to explore and experience. "
— Martin Buber

*"We the mortals touch the metals,*
*the wind, the ocean shores, the stones,*
*knowing they will go on, inert or burning,*
*and I was discovering, naming all the these things:*
*it was my destiny to love and say goodbye."*
*— Pablo Neruda, Still Another Day*

*Ons wat gaan sterf kan wel vat aan metale,*
*die wind voel - die strande, die klippe,*
*wetend dat hulle sal voortbestaan – in starheid of in vlamme.*
*Maar terwyl ek kan ontdek en benoem*
*Moet ek bemin en laat gaan…*
*-Pablo Neruda, Still Another Day soos in Afrikaans verwerk deur Amanda Le Roux-*

"He not busy being born is busy dying."
— Bob Dylan

"He comes into that part of our being that is our treasure, that sacred space within us, hidden under all the fears, walls and anger in us so that we may grow in the spirit of love."
— Jean Vanier, Drawn into the Mystery of Jesus through the Gospel of John

"How can we embrace poverty as a way to God when everyone around us wants to become rich? Poverty has many forms. We have to ask ourselves: 'What is my poverty?' Is it lack of money, lack of emotional stability, lack of a loving partner, lack of security, lack of safety, lack of self-confidence? Each human being has a place of poverty. That's the place where God wants to dwell! 'How blessed are the poor,' Jesus says (Matthew 5:3). This means that our blessing is hidden in our poverty.

We are so inclined to cover up our poverty and ignore it that we often miss the opportunity to discover God, who dwells in it. Let's dare to see our poverty as the land where our treasure is hidden."
— Henri J.M. Nouwen, Bread for the Journey: A Daybook of Wisdom and Faith

"Patience asks us to live the moment to the fullest, to be completely present to the moment, to taste the here and now, to be where we are. When we are impatient we try to get away from where we are. We behave as if the real thing will happen tomorrow, later and somewhere else. Let's be patient and trust that the treasure we look for is hidden in the ground on which we stand."
— Henri J.M. Nouwen, Bread for the Journey: A Daybook of Wisdom and Faith

"To find out what is truly individual in ourselves, profound reflection is needed; and suddenly we realize how uncommonly difficult the discovery of individuality is."
— C.G. Jung

"There is nothing that can replace the absence of someone dear to us, and one should not even attempt to do so. One must simply hold out and endure it. At first that sounds very hard, but at the same time it is also a great comfort. For to the extent the emptiness truly remains unfilled one remains connected to the other person through it. It is wrong to say that God fills the emptiness. God in no way fills it but much more leaves it precisely unfilled and thus helps us preserve -- even in pain -- the authentic relationship. Further more, the more beautiful and full the remembrances, the more difficult the separation. But gratitude transforms the torment of memory into silent joy. One bears what was lovely in the past not as a thorn but as a precious gift deep within, a hidden treasure of which one can always be certain."
— Dietrich Bonhoeffer

"The greatest scientific discovery was the discovery of ignorance. Once humans realised how little they knew

about the world, they suddenly had a very good reason to seek new knowledge, which opened up the scientific road to progress."
— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A Brief History of Tomorrow

"Not every story has a happy ending, ... but the discoveries of science, the teachings of the heart, and the revelations of the soul all assure us that no human being is ever beyond redemption. The possibility of renewal exists so long as life exists. How to support that possibility in others and in ourselves is the ultimate question."
— Gabor Maté, In the Realm of Hungry Ghosts: Close Encounters with Addiction

"Israel was born so Jews could finally cultivate their land with their own hands. But the most important thing to remember is that we depended more upon our brain than our muscle. We learned that the treasures hidden in ourselves are far greater than anything that can be found in the ground."
— Shimon Peres, No Room for Small Dreams: Courage, Imagination and the Making of Modern Israel

**Dana Snyman: Die week toe dit sneeu en lorries brand Netwerk24**

'Buurman, kom kyk hier!" roep Rudi van langsaan vroegoggend van sy stoep af.

Ek sit vasgevries voor my rekenaar, 'n kombers om my onderlyf gedraai.

"Kyk daar," beduie hy toe ek buite kom. Teen die berghange in die verte lê 'n wit rif wasig. Sneeu.
Dit is Afrika, weet ons diep binne-in ons, sonder dat ons dit vir mekaar sê. Die sneeu gaan nie vir lank hier wees nie, dit gaan smelt. Skaars tien minute later is ons met slaap in ons oë in my bakkie op pad soontoe, Rudi se dogter onder 'n kombers op die matras onder die kappie. Die bakkie se radio afgeskakel. Stilte is al wat nou reg klink.

Deur die tonnel by Waterval Boven, verby twee vragmotors wat die vorige dag deur die plaaslike mafioso se handlangers aan die brand gesteek is. Dit voel onwerklik: die twee uitgebrande staalkarkasse met verskrompelde bande – en hier ry ons lig van hart verby, met oorlede Ma wat sing: "Witter as sneeu. O, was my witter as sneeu . . ."

Naby Belfast lê dit wit weerskante van die N4. Hulle sê die Inuïet-mense, die Eskimo's in die koue noorde, het meer as 40 woorde om sneeu te beskryf. Ons het twee: sneeu en kapok. En dáároor is nie altyd eenstemmigheid nie. Sneeu is vlokkies, sê sommiges. Kapok is korreltjies.

Sneeu laat ons met gevoelens van verwondering wat ons tam dinge laat sê soos: "Ongelooflik! Sjoe, dis mooi." Behalwe as jy N.P. van Wyk Louw is, boorling van Sutherland in die Roggeveld waar die winters ysig word.

"Die ronde aarde staan / wit oopgekelk en suiwer soos 'n blom . . ." dig hy iewers.
Tussen Belfast en Dullstroom lê die vlokkies opgestapel tussen die dennebome in 'n plantasie. Opeens, asof vanself, kom die gedagte in my kop: Europa. Dit lyk soos Europa.

Deur 'n wit golf ry ons Dullstroom in. Oral is mense en motors. Ek hou stil en ons klim uit. Nie een van ons ken sneeu nie. Stap byna versigtig na waar dit opgehoop lê. Buk. Raak daaraan. "Dis sag," sê ons vir mekaar, tel daarvan op en staan daarna op ons hande en staar.
Op die dorpsplein het iemand 'n sneeuman gebou. Tipies mens. Wil knaend die skepping na sy eie beeld herskep. Ons poseer vir foto's by die sneeuman.

Maroné maak 'n sneeubal en gooi haar pa daarmee. Ons lag. Drie kindertjies hardloop met rooi wange in kringe. 'n Ou man sukkel uit 'n BMW en neem 'n selfoonfoto. 'n Fortuner ry verby met 'n kleinerige sneeuman op die enjinkap. Oral hoor jy mense lag. Vir 'n rukkie is ons wie ons behoort te wees. Homo ludens.

Die spelende mens.

Is dit nie presies wat fout is met die mafioso, narciste, fariseërs, hoogmoediges, gierigaards en ander wortelneuse nie? Hulle het hul speelsheid verloor.

Selfs honde speel met mekaar.

Op pad terug koop ons droëwors by Marina se slaghuis op Machadodorp. Die berghange is besig om terug na die kleur van Afrika te verander. By die huis gaan sit ek weer voor my rekenaar en begin skryf.

---

**BROOD VIR DIE PAD**

**Geestelike waardes: Leef só minder krampagtig in 'n tyd van vertoon RRV op Netwerk24**

In sy boek Tijdgeest: Een perspectief op mens en tijd (2023) verwys die Belgiese kerkregprofessor en openbare figuur Rik Torfs iewers na die Tsjeggies-Franse skrywer Milan Kundera se

opmerking in sy roman Onwetendheid (2000) dat ons nie die tyd waarin ons lewe kan ontsyfer nie. Immers, hoe kan ons wat die toekoms nie ken nie die betekenis van die hede verstaan of beoordeel?

Torfs gee Kundera gelyk dat ons nie ons huidige tydsgees werklik kan deurgrond of beslissend kan evalueer nie. Wat na vooruitgang lyk, kan dalk verval wees. En andersom. Tog meen Torfs ons kan wel probeer om iets van die gees van ons tyd te verstaan en te verwoord. ’n Meer juiste en doelbewuste bemoeienis met die geesteshouding en waardes van ons dag kan ons trouens help om die wrede eise van ons tyd te weerstaan, asook om met meer aandag en vreugde te lewe. En dalk help bemiddel dit selfs positiewe verandering.

In Tijdgeest gee Torfs dan ook aandag aan wat hy vanuit sy perspektief as kenmerkende eienskappe van ons hedendaagse lewensgevoel sien, met ’n fokus op sake soos moderne taboes, die vryheid van meningsuiting, die universiteitswese, slagofferskap, ’n nuwe invulling van die sewe doodsondes en die verhouding tussen geloof en wetenskap.

Teen die einde van sy boek stel Torfs die vraag aan die orde hoe ons anderkant ’n onkritiese beaming van die hede of ’n bekrompe terugkeer na die verlede op ’n meer verruimende wyse met die tydsgees kan omgaan. Hy wys hier op die belangrikheid van humor en selfrelativering, asook om ’n toekomsvisie te behou.

Dit is egter ’n derde aspek wat hy uitlig wat veral tot my spreek.

Torfs praat in dié verband van “skoonheid van die verborge hand”. Dis na aanleiding van die indruk wat Pietro Cavallini (1250-1330) se muurskildery Die laaste oordeel in die Santa Cecilia-kerk in in Rome op hom gemaak het, veral die uitbeelding van die apostel Matteus met sy linkerhand onder sy kleed verborge. Dit herinner aan dié sin in Matteus 6:3: “Maar wanneer jy liefdadigheid beoefen, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie.” Dié soort onwetendheid verhinder ’n ongesonde ydelheid en kan ons bevry van ’n krampagtige lewenshouding.

In ’n tyd wat deur uiterlike vertoon gekenmerk word en waarin dit wat onopgemerk bly, nie bestaan nie, nooi “die skoonheid van die verborge hand” ons inderdaad opnuut uit om te kies, soos Torfs dit stel, vir die innerlike eerder as die uiterlike, die werklikheid eerder as die skyn, die goeie eerder as die roemryke. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*